

4. EMPIRIESE ONDERSOEK : NAVORSINGSONTWERP

4.1. INLEIDING

In Hoofstuk 2 is aangetoon dat die skool 'n organisasie is. Die doelstellinge van die skool as organisasie verskil egter van die doelstellinge van ander organisasies (i.c. bedryfsorganisasies). Hierdie aspek is een van die oorsake daarvan dat organisasieklimaat in skole verskil van dié in ander organisasies.

Die determinante van organisasieklimaat in skole is in Hoofstuk 3 uitgewys. Dit is duidelik dat die onderwyser se beleving van die organisasieklimaat in die skool 'n belangrike invloed het op sy/haar werkstevredenheid.

Ten einde vas te stel wat die huidige stand van organisasieklimaat in sekondêre skole is, is 'n meetinstrument (die OCDQ-RS) in alle sekondêre skole onder beheer van die OVS Onderwysdepartement geïmplementeer.

Daar word in hierdie hoofstuk gekyk na die meetinstrument as sodanig, die administratiewe prosedures wat gevolg is voor, tydens en na die implementering van die meetinstrument, die populasie wat gebruik is in die ondersoek en die statistiese tegnieke wat gebruik is om die resultate te ontleed.

4.2. DIE MEETINSTRUMENT

4.2.1. Die vraelys

Die meetinstrument wat gebruik is, is 'n gestruktureerde, meerkeusige posvraelys waar die respondent op 'n vierpuntskaal sy/haar reaksie op 'n gegewe stelling weergee.

Voordat daar in besonderhede ingegaan word op die spesifieke meetinstrument wat gebruik is, word gekyk na enkele voor- en nadele verbonde aan die gebruik van 'n posvraelys. Die bespreking van die voor- en nadele word gedoen aan die hand van Smit (1987: 6 e.v.) en De Wet et al. (1981: 163).

4.2.1.1. Voordele

- Die (gedrukte) vraelys is doeltrefferder en meer prakties as die onderhoud aangesien onduidelikhede grootliks uitgeskakel kan word.
- Die verskaffing van gestandaardiseerde instruksies vergemaklik die invul van die vraelys.
- Die vrae wat gevra is, kan maklik ontleed word.
- Die eenheidskoste is relatief laag.
- Die respondent het groot vryheid wat betref die plek, tyd en tempo van invul.
- Baie inligting kan binne 'n kort tyd ingesamel word.

- Geografiese afstand is nie 'n struikelblok nie, aangesien die posvraelys persone van naby en ver ewe effektief betrek.
- Daar is nie baie faktore van buite wat respondente op verskillende wyses beïnvloed nie, aangesien alle vraelyste identies is.
- Gewoonlik bly die respondent anoniem, wat 'n groter openheid in die verskaffing van antwoorde by die respondent tot gevolg kan hê.

4.2.1.2. Nadele

- Die geldigheid van 'n vraelys kan moeilik bepaal word.
- Dit is moeilik om 'n vraelys so op te stel dat al die respondente al die vrae op dieselfde wyse verstaan en interpreteer.
- In die reël word 'n hoë persentasie terugvoer moeilik verkry.
- Die publiek is oor die algemeen negatief teenoor vraelyste.
- 'n Vraelys word as onpersoonlik ervaar.
- 'n Vraelys het dié beperking dat die gebruik daarvan beperk is tot geletterde persone.
- Daar is min kontrole oor wie die vraelys ingevul het.
- Die opstel en gereed kry van 'n vraelys neem baie tyd in beslag.

4.2.2. Die OCDQ-RS

Die Organizational Climate Description Questionnaire - Rutgers Secondary is 'n hersiening van die oorspronklike OCDQ soos ontwikkel deur Halpin en Croft (vergelyk 3.4.3.2.). Die redes waarom die behoefte aan 'n hersiening ontstaan het, is omdat :

- die OCDQ toenemend gekritiseer is aangesien die faktorstruktuur op 'n deduktiewe wyse ontwikkel is in plaas van op grond van 'n empiriese ondersoek in skole (vergelyk Owens, 1981: 198),
- die agt klimaattipes wat deur Halpin en Croft onderskei word (vergelyk 3.4.3.2.), moeilik onderskeibaar is en moeilik fyner geanaliseer kan word (Hoy en Miskel, 1987: 229),
- hersiening deur Halpin en Croft self bepleit is (Hoy en Clover, 1986: 93),
- baie van die items in die OCDQ nie meer meet wat dit veronderstel is om te meet nie (Hoy en Clover, 1986: 94) en
- vele verandering in die skool en gemeenskap sedert 1963 plaasgevind het (Hoy en Clover, 1986: 95).

Die hersiening van die OCDQ vir die sekondêre skool is onderneem deur Kottkamp, Mulhern en Hoy (1987: 37 e.v.). Hierdie drie navorsers van die Rutgers Universiteit in die VSA het onafhanklik van mekaar gewerk en elke item van die OCDQ hersien. Daar is konsensus bereik oor 100 items (vrae) wat in die nuwe vraelys ingesluit moet word (37 was items van die oorspronklike OCDQ, 48 was gewysigde items en 15 nuwe items).

In die nuwe (loods)vraelys is gebruik gemaak van 'n vierpunt Likerts-kaal. Hierdie vraelys, met 100 items, is voltooi deur 1178 onderwysers van 78 sekondêre skole in die staat New Jersey in die VSA. Deelname was vrywillig, maar daar is gepoog om 'n verteenwoordigende groep

onderwysers in New Jersey se sekondêre skole te gebruik. In die VSA word alle skole deur die staat in een van tien sosio-ekonomiese kategorieë geklassifiseer. 'n Verteenwoordigende groep skole uit hierdie kategorieë is verkry sowel as uit die stedelike- en plattelandse kategorieë. Met gebruikmaking van 'n faktoranalise (per skool) is die oorspronklike 100 vrae ná die loodsondersoek gereduseer tot 34 vrae, wat vyf faktore verteenwoordig (vergelyk 3.4.3.7.).

Ná 'n tweede-orde faktoranalise het dit geblyk dat die eerste vier faktore saam gegroepeer kan word om die openheid (vergelyk 3.4.3.7.) van die organisasieklimaat in 'n skool te bepaal. Die vyfde faktor, naamlik vertrouensgedrag van die onderwyser, het na hierdie faktoranalise geblyk nie 'n invloed te hê op die openheid van die organisasieklimaat nie en 'n openheidsindeks is soos volg geformuleer (Kottkamp et al., 1987: 44) :

$$\text{Openheidsindeks} = (\text{Ondersteunende gedrag} + \text{Verbonde gedrag}) \\ \text{minus} (\text{Direktiewe gedrag} + \text{Gefrustreerde gedrag}).$$

Dit is belangrik dat die openheid per skool (as eenheid) bepaal word.

Die finale OCDQ-RS is 'n Likert-tipe vraelys met 34 items waar van onderwysers gevra word om elke vraag te beoordeel aan die hand van 'n vierpuntskaal, wat strek van baie dikwels tot selde.

4.2.3. Geldigheid en betroubaarheid van die OCDQ-RS

Die OCDQ-RS is 'n relatief nuwe meetinstrument wat op beperkte skaal gebruik is sedert die ontwikkeling daarvan. Daar is egter reeds bewyse gelewer van die waarde van die vraelys .

Die faktorstabilditeit van die OCDQ-RS is vasgestel (vergelyk Kottkamp et al., 1987: 42) deurdat 'n faktoranalise met 'n varimax-rotasie vir vyf

faktore gedoen is. Op die ongeroteerde faktoranalise is die eiewaardes van die faktore vasgestel as 8,61 (ondersteunende gedrag van die skoolhoof), 4,44 (direktiewe gedrag van die skoolhoof), 3,77 (verbonde gedrag van die onderwysers), 2,46 (gefrustreerde gedrag van die onderwyser) en 1,94 (vertrouensgedrag). Volgens die Kaiser-kriterium word faktore met eiewaardes groter as 1 as groepfaktore beskou (vergelyk De Wet et al., 1981: 279). Die vyf faktore het verder 56,1 % van die variansie verklaar.

Die betroubaarheidskoëffisiënt is verder vasgestel (Kottkamp et al., 1987: 44) deurdat die alpha-koëffisiënte van die vyf faktore hoog was, naamlik 0,91 (ondersteunende gedrag), 0,87 (direktiewe gedrag), 0,85 (verbonde gedrag), 0,85 (gefrustreerde gedrag) en 0,71 (vertrouensgedrag).

Die operasionele geldigheid (ook: konstruktgeldigheid - vergelyk De Wet et al., 1981: 149) van die OCDQ-RS is vasgestel deurdat die items per faktor telkens met mekaar verband gehou het (Kottkamp et al., 1987: 44).

Die konseptuele raamwerk van die OCDQ-RS is duidelik en vind uitdrukking in die wyse waarop die vrae gestel word (vergelyk Pinnell et al., 1990: 18). Genoemde skrywers bevind verder dat die faktore soos geïdentifiseer in die OCDQ-RS 'n hoër betroubaarheidskoëffisiënt het as die OCDQ, dat die operasionele geldigheid duidelik is en dat die OCDQ-RS 'n gepaste meetinstrument is in die bepaling van die organisasieklimaat in sekondêre skole. Die aanname wat in die voorafgaande stelling gemaak word, is in hierdie studie in skole onder beheer van die OVSOD getoets.

4.3. KONSTRUKSIE VAN DIE VRAELYS

Aangesien 'n bestaande vraelys gebruik is (wat ook in Afrikaans vertaal is), is daar slegs biografiese en demografiese besonderhede bygevoeg wat toepaslik is vir die interpretering van die vraelys in geheel. Die vertaling in Afrikaans is gedoen met in agneming daarvan dat begrippe

nie vry vertaal kan word nie, maar binne vakwetenskaplike verband. Die biografiese besonderhede (vergelyk Bylae 4) het gehandel oor die volgende aspekte :

- Ouderdom (Die doel hiermee is om te bepaal watter invloed ouderdom het op die onderwyser se belewing van die organisasieklimaat in die skool. Die indeling by die jonger onderwysers is dan ook fyner gemaak ten einde die beginneronderwyser duidelik te kan onderskei van die meer ervare onderwyser).
- Geslag (Die doel hiermee is om die verskillende ervarings van mans en dames met betrekking tot die organisasieklimaat in die skool te bepaal).
- Huwelikstaat (Die doel hiermee is om te bepaal of (veral) die ongetroude onderwyser en die getroude onderwyser se belewing van die organisasieklimaat in die skool verskil).
- Huistaal (Die doel hiermee is om te bepaal of daar verskille in belewing van organisasieklimaat is tussen (veral) Afrikaans- en Engelssprekendes).
- Kwalifikasie, kategorie-indeling, onderwyserervaring, aard van aanstelling en huidige pos (Hierdie aspekte het almal te doen met die onderwyser se posisie in sowel die onderwys as professie as in die struktuur van die skool as organisasie).

Die demografiese gegewens (vergelyk Bylae 4 - Afdeling B) ten opsigte van die skool handel oor die tipe skool (gekompliseerde skool, S1, S2 of ander), die medium van onderrig (Afrikaans, Engels, beide of ander), die aard van die skool (akademies, tegnies en so meer) en die aantal personeellede. In die ondersoek is die antwoorde wel deur die onderwysers ingevul, maar op grond van gegewens wat deur die Oranje Vrystaatse Onderwysdepartement (OVSOD) verskaf is, is 'n aantal korreksies op die data aangebring ten einde die korrekte antwoorde vir al die personeellede in die skool te hê. Uit die demografiese gegewens

kan belangrike inligting verkry word oor die verskille in die belewing van organisasieklimaat deur byvoorbeeld onderwysers in stedelike skole teenoor onderwysers in plattelandse skole, kleiner skole teenoor groter skole en dies meer.

Elke skool word ingedeel in drie kategorieë wat die ligging betref, naamlik stedelik, semi-stedelik en plattelands. Die indeling word gemaak op grond van gegewens wat verkry is in die Munisipale Jaarboek van Suid-Afrika (1988). 'n Syfer van 1 tot by 11 kon op grond daarvan toegeken word aan elke skool ten einde die skool in een van die drie genoemde kategorieë te plaas. Skole wat in 'n dorp val wat vanaf 1 tot 6 geklassifiseer is, word as plattelandse skole beskou. Die klassifisering vanaf 7 tot 10 geld vir semi-stedelike gebiede en 11 dui 'n stedelike gebied aan (vir die betrokke populasie val slegs skole in die munisipale gebied van Bloemfontein in kategorie 11).

Die biografiese vrae maak afdeling A van die vraelys uit, die demografiese vrae Afdeling B en die OCDQ-RS Afdeling C.

Die vyf subskale wat na die oorspronklike implementering van die OCDQ-RS geïdentifiseer is, tesame met die items (vrae) wat daarmee in verband staan, is soos volg (vergelyk Afdeling C in Bylae 4, wat die 34 vrae van die OCDQ-RS bevat) :

- Ondersteunende gedrag van die skoolhoof (OGS) : Items 5, 6, 23, 24, 25, 29, 30.
- Direktiewe gedrag van die skoolhoof (DGS) : Items 7, 12, 13, 18, 19, 31, 32.
- Verbonde gedrag van die onderwysers (VGO) : Items 3, 4, 10, 11, 16, 17, 20, 28, 33, 34.
- Gefrustreerde gedrag van die onderwysers (FGO) : Items 1, 2, 8, 9, 15, 22.

- Vertrouensgedrag van die onderwysers (TGO) : Items 14, 21, 26, 27.

Biografiese en demografiese inligting is gevra vir sover dit op grond van die literatuurstudie moontlik relevant kan wees as bepalende faktor vir organisasieklimaat.

4.4. ADMINISTRATIEWE PROSEDURES

Daar word vervolgens kortliks gewys op die verloop van die ondersoek en die administratiewe prosedures wat gevolg is ten einde die ondersoek uit te voer :

- 'n Aantal DIALOG-rekenaarsoektogte is op die ERIC-databasis gedoen ten einde literatuur in te samel met betrekking tot organisasieklimaat. Rekenaarsoektogte is ook gedoen by die Universiteit van Illinois (Chicago) en die Universiteit van Georgia (Atlanta).
- Onderhoude is gevoer met 'n aantal leidende persone op die terrein van organisasieklimaat. 'n Onderhoud is onder andere in New York gevoer met Dr. WK Hoy (1988), wat een van die samestellers van die OCDQ-RS was. Die meetinstrument is by hierdie geleentheid aan die navorser verskaf en uiteengesit en toestemming vir die gebruik van die vraelys in die RSA is gegee.
- Die meetinstrument is vertaal in Afrikaans (met sekere geringe aanpassings). Die oorspronklike Engelse (Amerikaanse) vraelys is ook met geringe aanpassings gefinaliseer vir gebruik in die Engelstalige skole in die populasie.
- 'n Loodsondersoek is daarna gedoen waartydens die vraelys aan 'n aantal onderwysers (n=35) gegee is om in te vul. Die onderwysers was almal ingeskrewe B.Ed-studente in Onderwysbestuur aan die PU

vir CHO. Die rede waarom 'n loodsondersoek uitgevoer is, was om moontlike probleme (veral met betrekking tot formulering en taal) uit te stryk.

- Na afloop van die inisiële literatuurondersoek en loodsimplementering is aansoek gedoen by die Uivoerende Direkteur van die Oranje Vrystaatse Onderwysdepartement om die vraelys te implementeer in alle sekondêre skole onder beheer van die OVSOD. Toestemming is hiervoor verleen. Die anonimiteit van skole en onderwysers word deurgaans gehandhaaf.
- Die vraelyste is gedupliseer vir die onderwysers op posvlak 1 en 2 verbonde aan die 86 skole in die populasie. Die vraelyste vir 30 van hierdie skole is persoonlik aan die skoolhoofde besorg met die versoek om die vraelyste te laat invul deur die betrokke onderwysers. Die res van die vraelyste is aan die skole versend, tesame met instruksies aan die skoolhoof en onderwysers. Koeverte vir die gesamentlike terugversending van elke skool se vraelyste is verskaf. Dit is duidelik gestel dat deelname van onderwysers vrywillig en anoniem is.
- Die vraelyste van die meeste skole is voor die sperdatum wat gestel is, terugontvang. Briewe is aan dié skole wat nie gereageer het nie, gestuur met die versoek om die vraelyste terug te besorg. Hierdie en ander maatreëls was verantwoordelik vir 'n hoë persentasie terugvoer.
- Nadat die vraelyste terugontvang is, is die data ingesleutel op die hoofraamrekenaar van die PU vir CHO. Nadat die data ingesleutel is, is die data gekontroleer vir moontlike insleutelfoute. Daarna is die data verwerk met behulp van SAS- programme (SAS Institute Inc., 1985).
- Briewe is aan die hoof en personeel van die skole wat deelgeneem het gestuur om hulle te bedank vir hulle samewerking.

4.5. POPULASIE

Met 'n populasie word bedoel al die lede van een of ander duidelik ge-definieerde groep mense (De Wet al., 1981: 110). Vir die doeleinde van hierdie studie is nie van 'n steekproef uit die populasie gebruik gemaak nie, maar wel van die populasie. Afleidings wat op grond van 'n studie onder 'n hele populasie gedoen word, het 'n groter mate van geldigheid met betrekking tot die betrokke populasie.

Die populasie is die onderwysers op posvlakke 1 en 2 verbonde aan sekondêre skole onder beheer van die OVSOD (drie privaatskole ingesluit). Die rede waarom onderwysers op posvlak 1 en 2 gekies is, is omdat die vraelys 'n aantal vrae bevat wat 'n waarde-oordeel verlang van die persone in bestuursposisies in die skool (wo. die hoof en adjunk-hoof). Die rede waarom die OVS as gebied gekies is, is dat die populasie hanteerbaar is in terme van koste, bereikbaarheid en (soos genoem), die daaruit voortspruitende ideale situasie dat die totale populasie gebruik kan word.

Die volgende tabel (Tabel 4.1.) gee 'n uiteensetting van die hoeveelheid vraelyste wat uitgestuur en die aantal vraelyste wat terug ontvang is :

TABEL 4.1. AANTAL VRAELYSTE UITGESTUUR : ONDERWYSERS EN SKOLE

	UITGESTUUR	TERUG ONTVANG	% ONTVANG
ONDERWYSERS	1622	1198	73,9
SKOLE	86	78	90,7

4.6. STATISTIESE TEGNIEKE EN PROSEDURES

4.6.1. Inleiding

Verskeie tegnieke is gebruik ten einde die data te interpreteer. Die tegnieke en prosedures wat gebruik is, is geselekteer ooreenkomstig die doelwitte wat in Hoofstuk 1 vir die empiriese ondersoek gestel is. Die resultate wat verkry is, geld uiteraard net vir die betrokke populasie. Dié tegnieke en prosedures word vervolgens uiteengesit.

4.6.2. Bepaling van frekwensies

Die frekwensiepatroon van die data is met behulp van die FREQ-prosedure van SAS (SAS-Institute, 1985) bepaal. Die statistiek wat so verkry is, is slegs beskrywend van aard (vergelyk 5.2.). Die doel hiermee is egter om 'n beeld te verkry van hoe daar gerespondeer is op die vrae in Afdeling A en Afdeling B.

4.6.3. Faktoranaliserings

'n Faktoranalise is gedoen (FACTOR-prosedure van SAS). Met behulp van 'n faktoranalise kan die interkorrelasie van 'n groot aantal veranderlikes bestudeer word deur hulle in trosse van faktore te groepeer sodat die belangrikste veranderlikes binne faktore hoog korreleer. Die doel met die faktoranalise was om die faktorstabiliteit, betroubaarheidskoëffisiënt en operasionele geldigheid van die meetinstrument te bepaal. Die geldigheid van die OCDQ-RS binne die populasie

soos gedefinieer in 4.5. is bepaal. 'n Vergelyking tussen die resultate van hierdie studie en die studie wat in die VSA gedoen is, word getref in terme van faktorbeladings, eiewaardes en die persentasie variansie wat verklaar is deur die vyf genoemde faktore (vergelyk 5.3.).

4.6.4. Interpretiering van die statistiese data van die OCDQ-RS

4.6.4.1. Inleiding

Aangesien die OCDQ-RS die meetinstrument is wat in die ondersoek gebruik is (vergelyk 4.2.3.), was dit nodig om sekere prosedures wat uitgevoer is in die oorspronklike ondersoek (vergelyk Kottkamp et al., 1987) te herhaal. Sekere aanpassings is egter ook gemaak (vergelyk 5.4.).

4.6.4.2. Items geassosieer met elke subskaal

Die vyf subskale wat na die oorspronklike implementering van die OCDQ-RS geïdentifiseer is, is ondersteunende gedrag van die skoolhoof (OGS), direkteur gedrag van die skoolhoof (DGS), verbode gedrag van die onderwysers (VGO), gefrustreerde gedrag van die onderwysers (FGO), en vertrouensgedrag van die onderwysers (TGO). Die items wat geassosieer word met elke subskaal, is in 4.3. genoem.

4.6.4.3. Bepaling van Itemgemiddeldes

Die itemgemiddeldes per skool is bepaal met behulp van 'n MEAN-prosedure van SAS. Die rede waarom die gemiddeldes per skool gedoen word, is omdat die skool telkens die eenheid van meting is wanneer die OCDQ-RS gebruik word.

4.6.4.4. Sommering van die itemgemiddeldes

Die itemgemiddeldes wat hierbo verkry is, is hierna binne elke subskaal vir elke skool gesommeer ten einde 'n subskaaftelling vir elke subskaal in elke skool te verkry. Vir latere verwysing tydens die gebruik van formules en indekse, word hierdie subskaaftelling soos volg benoem (vergelyk 4.6.4.2.) :

$$\text{OGS} : I_1 = \text{som}(\text{C5, C6, C23, C24, C25, C29, C30}).$$

$$\text{DGS} : I_2 = \text{som}(\text{C7, C12, C13, C18, C19, C31, C32}).$$

$$\text{VGO} : I_3 = \text{som}(\text{C3, C4, C10, C11, C16, C17, C20, C28, C33, C34}).$$

$$\text{FGO} : I_4 = \text{som}(\text{C1, C2, C8, C9, C15, C22}).$$

$$\text{TGO} : I_5 = \text{som}(\text{C14, C21, C26, C27}).$$

4.6.4.5. Standaardisering van subskale

Aangesien die subskale nie ewe veel items verteenwoordig nie, moes die subskale gestandaardiseer word. Hierdie standaardisering van subskale maak vergelykings tussen die subskale in 'n skool moontlik en verder kan die verskillende subskale op gelyke wyse gebruik word in die bepaling van die openheidsindeks. Hierdie standaardisering per subskaal is met behulp van die volgende formule gedoen :

$$SI_n = 50 + 10 \left(\frac{(I_n - GS)}{ST} \right)$$

waar ST die standaardafwyking is (vergelyk De Wet et al., 1981: 132) en GS die gemiddeldes oor al die subskale per skool is en dus weergegee kan word deur die formules:

$$GS = \frac{\left(\sum_{n=1}^5 I_n \right)}{5}$$

$$ST = \frac{1}{4} \sum_{n=1}^5 (I_n - GS)^2$$

4.6.4.6. Tweede-orde faktoranaliserings

'n Tweede orde faktoranalise (FACTOR-prosedure van SAS) is op die korrelasiematriks van die vyf subskale van die OCDQ-RS gedoen ten einde te bepaal watter faktore bydra tot die bepaling van die openheid van die klimaat in die skool (vergelyk 5.5.).

4.6.4.7. Bepaling van die openheidsindeks

Deur gebruik te maak van die formule

$$\text{Openheid} = (I_1 + I_3) - (I_2 + I_4)$$

kan die openheid van die organisasieklimaat in elke skool bepaal word en kan vergelykings tussen skole gemaak word op grond van die demografiese gegewens soos verkry in Afdeling B van die vraelys (vergelyk 4.6.4.4. ; 5.6. ; Kottkamp et al., 1987: 44 en Bylae 4).

Die skole word op grond van aspekte soos taalmedium, tipe skool, aard van skool en aantal onderwyssers gegroepeer. Vir elke groep word die gemiddelde openheid bepaal met behulp van die MEANS-prosedure van SAS, daarna word die standaardafwyking vir elke groep (byvoorbeeld Engelse skole teenoor Afrikaanse skole) bepaal en uiteindelik word effekgroottes verkry (vergelyk Cohen, 1977: 8 e.v.). Die formule wat vir die bepaling van effekgroottes gebruik word, is

$$d = \frac{(x_1 - x_2)}{s}$$

waar x_1 die gemiddelde openheid van een groep skole (byvoorbeeld Afrikaanse skole) verteenwoordig, x_2 die gemiddelde openheid van die groep skole waarmee dit vergelyk word (byvoorbeeld Engelse skole). Die noemer (s) in die formule is die gemiddeld van die twee groepe se standaardafwykings.

4.6.5. Die ontwerp van ander openheidsindekse

Op grond van andersoortige resultate verkry uit die faktoranaliserings (in vergelyking met die navorsing wat in die VSA uitgevoer is met die OCDQ-RS), word eie openheidsindekse ontwerp met gebruikmaking van 11, 12, 13, 14 en 15. Met gebruikmaking van die CORR-prosedure van SAS word die korrelasie tussen die bestaande openheidsindeks van Kottkamp et al. (1987) en die nuwe openheidsindekse bepaal (vergelyk 5.5.3. en 5.5.4.).

4.6.6. Die daarstel van 'n persentielrangorde

Met behulp van die PCTL-prosedure van SAS word die persentielrangorde daargestel (vergelyk 5.5.5.) ten einde vas te stel watter persentasie skole bó 'n bepaalde afsnypunt is in terme van openheid en watter persentasie daaronder (vergelyk Minium, 1978: 39). Die posisie van elke skool op hierdie persentielrangorde word in Tabel 5.13. gegee.

4.6.7. Bepaling van die betroubaarheid van die vraelys

Ten einde die betroubaarheid van die meetinstrument in die Suid-Afrikaanse konteks waarin dit gebruik is te bepaal, is gebruik gemaak van die Cronbach-alpha betroubaarheidskoëffisiënt, naamlik :

$$r_{tt} = \frac{k}{k-1} \left(1 - \frac{\sum V_i}{V_t} \right)$$

waar k die aantal items in die subskaal is, $\sum V_i$ die som van die variansies van die items in die subskaal is en V_T die variansie van die subskaal is (vergelyk Cronbach, 1949: 160 e.v.).

Elke subskaal (faktor) se betroubaarheid is dus afsonderlik bepaal met behulp van bogenoemde formule (vergelyk 5.7.).

4.7. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die meetinstrument (die OCDQ-RS) wat gebruik is, beskryf. Die administratiewe prosedures wat gevolg is in hierdie studie is bespreek en die populasie is beskryf. Laastens is aangetoon watter statistiese tegnieke en prosedures gebruik is om die empiriese ondersoek (waaroor in hoofstuk 5 verslag gedoen word), uit te voer.

Vervolgens word die resultate van die empiriese ondersoek bespreek.